http://www.scenofest.org

PQ Scenofest 2007

Die Prague Quadrennial is die enigste internasionale vierjaarlikse skouburg van kontemporêre professionele teaterontwerp en teater argitektuur van hierdie omvang ter wêreld. Die uitstalling en bykomende aktiwiteite skep 'n unieke forum vir teater praktisyne om mekaar te ontmoet deur die bywoning van werkswinkels en seminare. Hier word ook die geleentheid geskep om die ontwikkeling van teaterontwerp op internasionale vlak waar te neem.

The Prague Quadrennial Studente Afdeling en **Scenofest 2007** beloof 'n onvergeetlike ondervinding vir studente, jong ontwerpers, dosente asook gesoute teater ontwerpers te wees.

Scenofest is 'n projek wat deels hanteer word deur OISTAT Education Commission sowel as Theatre Institute Prague**.** Vir meer inligting aangaande beide organisasies, sowel as Prague Quadrennial**,** besoek gerus die volgende webtuistes:

Scenofest is oop vir studente en jong praktisyne wat geïnteresseerd is in 'n wye veskeidenheid aspekte van ontwerp in teater. Van teater argitektuur, tot die kostuums wat gedra word, sowel as die klanke en ligte wat in die kreatiewe realm van teater ontstaan, word bespreek.

Selfs om net Scenofest by te woon, beloof om 'n unieke ondervinding te wees wat die kreatiewe moontlikhede van teaterontwerp sal ontlok.

Scenofest bied ook die geleentheid vir enige **vrywilligers** om op kreatiewe of administratiewe vlak, met 'n gemotiveerde span studente, jong en ervare praktisyne, asook dosente saam te werk om Scenofest 'n onvergeetlike ondervinding te maak.

Kom maak nuwe vriende, vind interessante potensiële medewerkers en leer meer van internasionale werkspraktyk wanneer jy jou werk uitstal by Scenofest of deelneem aan vertonings en werkswinkels.

Gaan gerus na Scenofest webtuiste www.scenofest.org vir meer inligting oor details, registrasie en aansoekvorms.

Jy kan ook die Scenofest span kontak by: info@scenofest.org . Rig asseblief jou vrae in Engels.

Inligting oor Prague Quadrennial is verkrygbaar by: www.pq.cz

Praktiese Inligting

PQ and Scenofest Uitstalling Datums
- 14 - 24 Junie 2007

Venue:
- Skougronde (Výstaviště)
  Praag, Czech Republiek

Koste:
- Scenofest en Prague Quadrennial kos **10 Euros**
- Scenofest Projekte en werkswinkels kos **5 Euros**

Akkommodasie
- Ons verskaf ongelukkig nie akkommodasie nie.
- PQ sal wel in die toekoms skakelwebtuistes publiseer van maatskappye wat behuising verskaf.
-

Bly op hoogte van sake:
- Skryf aan info@scenofest.org met "mailing list" aan die hoof.
- Skole en ander instansies kan versoek vir 'n subskripsie lys. Trek die vorm van die webadres.
- Skryf in by Oistat. Besoek die webtuistse : www.oistat.org/registration

Deelname aan die Skole Uitstalling:
- Kontak jou nasionale kurator of PQ op pq@theatre.cz

Deelname aan "Babel" of "Birds" Uitstalling
- Neem inligting van application@scenofest.org en stuur aansoekvorms terug na dieselfde adres
- Sperdatum is verskuif na Oktober 2006

Deelname aan die Argitektuur Uitstalling
- Inligting sal binnekort op die webtuiste beskikbaar wees
- Sperdatum is Februarie 2007

Deelname aan Werkswinkels
- Inligting sal van Januarie 2007 op die webtuiste beskikbaar wees.

Besoek aan Scenofest
As jy net wil kom kyk en nie wil deelneem aan iets spesifieks nie, sal dit ons baie help as jy aansluit by ons "mailing list".

Om 'n lesing, werkswinkel of aktiwiteit voor te stel
- Kontak info@scenofest.org

Om 'n borg van Scenofest te word
- Kontak info@scenofest.org

Vrywilligers vir die administratiewe, tegniese of kreatiewe span
- Kontak volunteer@scenofest.org